# 13 Februarie 2023 - Lesing 22 - Gawes uit die Hemel - Boek 1 (volledig) - Jakob Lorber

## Hoofstuk 33 - VALSE EN OPREGTE WELDADIGHEID

1] Elke arme, hulpbehoewende is vir My 'n naaste broer, soos die suinige, ryk man vir Satan is.

2] Wanneer Ek My arm broers na die deure van julle rykes, welvarendes en vermoëndes stuur, dink daaraan dat Ek My Liefde nog nie van julle teruggetrek het nie.

3] Maar as julle eenmaal so ver gekom het - Ek spreek hier in die algemeen - dat die armes nie meer buite jou huis durf kom nie, **weet dat My Liefde ook vir altyd van jou verlof geneem het!** So 'n ryk man staan dan binne die wêreld, tot die verleidelike skyn, onder die beskerming van die hel. Maar in al sy vermeende geluk is daar nie eens 'n vonkie van My Liefde nie en veel minder van My Genade voorhande.

4] Dieselfde is die geval met die rykes van die wêreld en van geld, wat **ter wille van aansien en 'n sekere plig** óf baie, of min as aalmoese gee. - En 'n gruwel is elke sogenaamde "mildelike", Ek wil sê en weer sê: "**hoeragtige**" bydraes, wat spaarsamig kom vanuit sekere dansery, spelery en baie ander vermaaklikheidsgeleenthede, wat Ek bo alles haat, bloot ter wille van die naam, en om vir die openlike hofmakery meer speelruimte te bied! O die ewige skande om 'n offeraltaar aan My op te rig in die kapelle van Satan!

5] Daarom moet julle, My geliefdes, nie handel soos die kinders van die hel doen nie, maar laat julle gawes deur niemand anders as deur My, deur die armes en deur jouself gesien word nie. En laat elkeen oorvloedig gee, volgens die maat van sy vermoëns!

6] Want voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, vir 'n penning sal jy 'n aarde hê, en vir 'n slukkie lewende water sal jy 'n son hê, en daaroor sal julle vorste wees. - Maar as julle dit uit ware liefde tot My doen, dan, vriende, sê Ek vir julle niks minder as dit nie: Eerstens, sal so iemand nooit die dood sien of voel nie, ook nie in sy liggaamlike lewe nie; want sy lieflike dood sal 'n baie groot ontwaking wees in die arms van sy allerheiligste Vader. En dié, tweedens, sal dan genoem word, "Om vir ewig 'n vriend van Elohim te wees" - dit, vriende - O onthou Wie julle Sy vriende noem! - jy kan dit nie begryp nie!

7] Maar nou sal My kneg jou 'n arm man wys - hy is 'n dubbele arme, na liggaam en na gees; help hom eers na die liggaam, maar dan ook na die gees! – wie eerste sal wees, sal baie vreugde hê. Doen en moenie vra: Aan wie? - maar help dié wat voor julle gebring word. Hy is julle broer, en oor die ander moet julle jul nie bekommer nie, as julle ware kinders van jul Vader in die hemel wil wees, Hy wat Sy son oor goeies en slegtes laat skyn en selfs aan die roofdiere kos gee. - Amen! Ek, JaHWeH, julle Vader! Amen, amen, amen.

## Hoofstuk 34 - BAL SALE EN ANDER PLEKKE VAN VERMAAK (17.07.1840) HIM1.049

1] Dit sê Ek vir jou, My luie kneg, om jou te wys op die oorsaak van die afsku wat jou oorval, wanneer jy iets verneem van danse; die "Redoute"* (maskerbal), die "Reunion", die "Prom", die "Casino" ", en dan nou ook in besonder van die slegte grondslag van die sogenaamde bourgeois "reservaat" (geslote samelewing van plesier, letterlik 'n bron van vermaak).

2] Die berisping is baie geregverdig, want dit kom vanuit die gees. Dis 'n dansvermaak, 'n "reünie" en 'n "bal", ja 'n oop graf vol vuilheid. Die "casino" is 'n ashoop van groot, dooie amfibieë. En so 'n "bron" is 'n afgrond, want in die onderste diepte het Satan 'n houer neergesit (met blomme versier), sodat niemand die growwe, verleidelike stank van sy vuilheid kan waarneem nie, wat wel hier en daar opgemerk kan word deur 'n geestelik sensitiewe neus.

3] As selfs 'n bietjie wysheid genoeg is, dan het Ek jou alles in hierdie kort woorde vertel. Maar jou vriende moet ook hiervan kennis neem. En daarom is dit tog nodig om 'n paar woorde by te voeg weens jul beperkte begrip.

4] Want Satan het met droefheid en baie woede gesien dat (in hierdie stad) verskeie beter families hulle, vanweë die stank, nie aan sy wellustige versoekings wou onderwerp nie. Daarom het hy 'n middel bedink, naamlik in 'n oneindig diepe afgrond, waar hy 'n groot, goed verseëlde houer onderin geplaas het; maar hy het die afgrond van die hel goed bedek met pragtige, baie gladde planke, en die uitgang versier met die mees welriekende blomme van die wêreld, sodat niemand iets boos sou vermoed nie!

5] "Want," sê hy by homself, "hier sal ek vir my 'n goeie maaltyd voorberei en van die sagte vleis van die kinders begin lewe en nie altyd die taai vleis van die uitgemergelde hoere vreet nie; in die toekoms kan my (hel) engele dit kou en verteer. Ek sal my verberg agter die geurige, aanlokkend mooie blommetjies, waar niemand my sal bemerk nie. En dan, as die deur blom verknogte kinders instroom, sal ek hulle gryp, verslind, verteer en hulle as fyn afval in die houer van die afgrond laat val. Laat die ouers dan maar sien hoe om hulle weer daaruit te kry, so seker as wat ek, Satan, die magtigste is! Om 'n vaste ster uit die hoogste Hemele te pluk, sal vir hulle makliker wees, as om selfs een haar van 'n kind te red, of dit nou 'n meisie of 'n jongman is!"

6] Daar het julle nou Satan se eie geopenbaarde woord en plan! Hoe dink jy kan so 'n instituut My behaag?

7] Ek het julle (nou) vaderlik en goddelik versorgend die groot gevaar in al My onkreukbare Waarheid gewys. In die volle diepte van sy boosheid staan die Satan ontbloot voor julle, My kindertjies. Daarom, neem ter harte My Liefde en die daaruit voortvloeiende groot Genade van julle Heilige Vader, en wees op julle hoede! Want wie die vyand sien, kan hom ontvlug. Maar wee die blindes en dowes en die wat hulle nie tot My raad wil wend nie! Ek sal eerder My engele ter helle stuur om die verleides te bekeer en die duisternis aldaar te verlig, voordat Ek selfs met 'n erbarmende blik so 'n houer sou beskou! - Amen. - Let wel, dit sê Ek, die God van die Ewigheid. Amen.